Saamstaan

SISTER het besoek gebring aan die Saamstaan ko-operatief wat werk om die behuisingsbehoeftes van arm mense te verlig. Die ko-operatief is in 1987, wat ook die Internasionale Jaar van Dakloses was, gestig in samewerking met die Katolieke kerk.

Saamstaan bestaan vandag uit sowat 600 aktiewe lede. Die beginsel waarop dié ko-op werk, is dat lede wat elke Saterdag kom stene maak, gereeld geld spaar in die kredietunie en gereeld vergaderings bywoon sodat hulle presies weet wat aangaan in die ko-op, se kanse om 'n huis te bou groter is as die lede wat nie so aktief deelneem nie. Die klem hier is op spanwerk.

Me Lindy Kazombaue, een van die stigterslede van Saamstaan, sê dit is vroue, en veral enkelmoeders wat die aktiefste in die organisasie is.

Me Johanna Swartz, 'n lid van Saamstaan sê soms probeer die mans baasspeel deur die vroue te wil vertel hoe en wat gedoen moet word, maar Saamstaan is 'n demokratiese organisasie en baasskap word nie geduld nie.

In die drie jaar wat Saamstaan bestaan, het hulle 10 huise gebou en tydelike akkommodasie aan sowat 70 gesinne verskaf. Die huise is almal in Wanaheda in Katutura.

Die geweldige hoë prys van grond is egter 'n probleem vir Saamstaan se lede en baie onderhandelings is al met die Windhoek munisipaliteit aangegaan om grond goedkoper te maak. Maar die goedkoper grond is gewoonlik heuwelagtig en dit is moeiliker en duurder om 'n huis op skuins grond te bou.

Dit is ook eers in die laaste tyd dat die munisipaliteit meer tegemoetkomend geword het ten opsigte van behuisingstandaarde, plakkery en die hoë prys om elektrisiteit aan te lê, sê Lindy. Maar werkgewers moet ook begin om hul verantwoordelikhede teenoor alle werkers, en nie net hulle hoogs betaalde werkers nie, na te kom. Die groot gaping tussen rykes en armes moet kleiner word, sê Lindy.

Me Johanna Swartz is 'n lid van Saamstaan. Só lyk die huise wat hulle bou.